# ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 74 Nr. 1

1ste Kwartaal, 2026

VCHO
75
2024



# Staatsdepartemente se beheptheid met beheer oor kerk en skool is aanmatigend en ’n onregmatige oorskryding van hulle bevoegdhede.

## IN DIE SKRIFLIG

### Doen wat reg is

***Calvyn***

***So sê die HERE: Bewaar die reg en doen geregtigheid ... – Jes. 56:1***

Wat die Skrif ons hier wil leer, bestaan uit twee dele. Die eerste is dat die liefde vir wat reg is, in ons harte ingedrup en gewek moet word. Ons is van nature allermins daartoe geneig! Die tweede is dat ’n gedragsreël vir ons voorgeskryf moet word, sodat ons nie in ons strewe om reg te doen, sal afdwaal nie ...

Van watter ander grondslag sou die Skrif kon uitgaan as om ons te vermaan om heilig te wees, omdat ons God heilig is (Lev. 19:1 e.v.; 1 Petr. 1:16)? Ons is verstrooi soos uiteengejaagde skape en het dwarsdeur die doolhof van die wêreld gedwaal. Maar God het ons weer bymekaargemaak om sy kudde te wees.

Wanneer ons praat van ons verhouding tot God, moet ons besef dat dit heiligheid is wat ons aan Hom verbind. Maar ons kom nie deur die verdienste van ons heiligheid in die regte verhouding tot Hom nie. Ons moet Hom eers aanneem. En dan – deurdrenk van sy heiligheid – sal ons Hom volg waarheen Hy ons ook al roep. Sy eer bring mee dat Hy glad nie gemeenskap met die ongeregtigheid en met die onreinheid het nie.

Daarom leer die Skrif ook dat dit die doel van ons roeping is. En daarop moet ons steeds let – as ons die roepende God wil antwoord. Ons is uit die ongeregtigheid en die besoedeling van die wêreld bevry waarin ons weggesink was. Watter sin sou dit dan hê as ons toelaat dat ons ons lewe lank daarin rondrol?

Bowendien vermaan die Skrif ons ook (Jes. 35:8 en elders) dat om tot die volk van God gereken te word, ons heilig moet leef.

**Inst. III, 6, 2**

***Gebed: Here, laat dit deur ons heilige lewe duidelik blyk dat ons deur die geloof in Christus geregverdig is.***

**IN HIERDIE UITGAWE**


| | |
|---|---|
| In die Skriflig | bl 2 |
| Staatsbeheer oor die Kerk | bl 3 |
| Die aanslag van die ANC op die Kerk | bl 4 |
| Nederlandse verset en die 80-jarige Oorlog | bl 6 |
| Statutêre beheer van die Kerk in Suid-Afrika | bl 9 |
| Kommentaar op die nuwe voorgestelde geskiedenis-kurrikulum vir Suid-Afrika | bl 11 |
| Nuwe Onderwyspublikasie | bl 13 |
| *What is God’s eternal plan for education?* | bl 13 |
| Wokeïsme & Onderwys program | bl 15 |
| Implikasies vir landbou | bl 16 |

# Staatsbeheer oor die Kerk

***Redaksioneel: Hugo Hayes***

**Godsdiensvryheid in die gedrang**

Hoewel sg. "vryheid van godsdiens" in die Grondwet 'verskans' word, blyk dit uit die uitoefening deur die betrokke staatsdepartement van sy bevoegdhede ten opsigte van een van die hfst 9-instellings dat die staat dit ('godsdiensvryheid') nie as substantief beskou nie. Die wyse waaop die owerheid een van sodanige instellings administreer en waarop dit in die openbaar funksioneer, wek toenemend ernstige twyfel of, by name die ANC, "vryheid van godsdiens" onvoorwaardelik aanvaar en benader. Wanneer gelet word op hoe sodanige instelling deur die betrokke departement aangewend word, bring dit 'n geheel ander indruk na vore as dat hierdie bepaling deur die ANC eerbiedig word.

Instellings onder hfst 9 van die Grondwet is bedoel om die sg. "konstitusionele demokrasie" te ondersteun. Dit is instellings wat in terme van artikel 22 van hfst 9 van die Grondwet deur die staat geskep mag word ter wille van die bevordering van bepaalde oogmerke en wat onder die gesag van die staat funksioneer. Dit gaan dus primêr oor die promovering van die welwese van sodanige gemeenskappe soos in die betrokke hoofstuk uiteengesit.

**Beskerming van die regte van die kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskap?**

Een van die hfst 9-instellings is die Kommissie vir die bevordering en beskerming van die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe, bekend as die KGT-kommissie; in Engels CRL. Lede van sodanige gemeenskappe kan organiseer en met die CRL-kommissie in gesprek tree oor wyses waarop hulle belange beskerm en bevorder kan word. Die funksionering van die Kommissie was die afgelope ongeveer ag jaar gereeld in die nuus en teen die einde van 2025 in groot omstredenheid gehul, vanweë die optrede van die owerheid.

'n Belangegroep bestaande uit verskeie kerklike denominasies het sedert ongeveer 2017 aan gesprekke met die CRL-kommissie deelgehad. Die verhouding tussen die kerklike belangegroep en die CRL-kommissie is sedertdien alhoemeer op die spits gedryf, deurdat die kerklike afgevaardigdes hulle uiterste misnoeë met die staat se hantering van die Kommissie en gesindheid teenoor die afgevaardigdes uitgespreek het. Daar word in die reaksie deur die kerklikes veral daarop gesinspeel dat die staat die kerk se bydrae voortdurend onderdruk het, ten einde die staat se oogmerke te probeer bevorder. Die kerklikes het hulle daarna aan die gesprek onttrek uit protes. Sedertdien het die kerk haar toenemend begin verset teen wat bestempel word as die owerheid se bedekte agenda om godsdiens en die kerk aan beheer deur die staat te onderwerp.

**Noodsaak aan verset uit kerklik-godsdienstige geledere**

Verset deur godsdienstige groeperinge het daarna al hoe groter afmetinge begin aanneem, een waarvan die South African Church Defenders, wat tot 'n onlangse hofgeding teen die staat, asook openbare demonstrasies aanleiding gegee het. Tot dusver was die openbare protes hoofsaaklik deur kerke met 'n meerderheidsteun uit die swart bevolking gemobiliseer. Van die kerke van gereformeerde belydenis uit die tradisioneel blanke gemeenskap, het tot dusver nie tot openbare protes oorgegaan nie. Hoewel daar van hulle was wat aan die parlementêre debat deelgeneem en betekenisvolle verslae voorgelê het waarin protes teen staatlike oorheersing van die kerk uitgespreek was.

Waaroor dit wesenlik gaan is hoe die Kerk in Suid-Afrika in haar breëre verbande die dreigende implementering van staatsbeheer oor godsdiens en kerk beskou, veral teen die agtergrond van die oënskynlik pasifistiese benadering tot dusver. Insonderheid die Afrikaanse Kerke van gereformeerde belydenis en hulle beskouinge oor verset in die geledere van die Kerk. Gaan die Kerk oogluikend daarmee genoeë neem dat die staatsowerheid met statutêre maatreëls kom wat die Kerk aan die beheer en dwang van die staat onderwerp? Daar moet, te oordeel aan uitsprake en verklarings in die media deur verteenwoordigers van die betrokke departement, aanvaar word dat die Christelike Kerk vir die ANC 'n steen van aanstoot is. Die Kerk moet dan aan 'n posisie van ondergekiktheid aan die staat gerelegeer word, sodat die owerheid kan dikteer wat binne die Kerk behoort te gebeur. Indien dit aanvaar kan word dat die revolusionêre ideologie van die ANC op die Kerk afgeforseer wil word, ter verdringing van die ware Evangelie, hoe behoort daarop gereageer te word uit kerklike geledere?

# Die aanslag van die ANC op die Kerk[1]

## *Geneem uit: Die ANC en die Revolusionêre Aanslag op Kerk en Politiek, deur prof. AWG Raath*

Sedert 1986 het die *African National Congress* (*ANC*) alles in sy vermoë gedoen om die kerk in Suid-Afrika as afspringplek van en instrument vir sy revolusionêre aanslag te gebruik. Vir hierdie doel het die *ANC* 'n Departement van Godsdienssake in die lewe geroep om die aanslag teen die kerk te voer. As hoofkapelaan van die departement, is 'n Anglikaanse priester met die naam Fumanekile Gquiba, jarelange lid van die *ANC*, aangestel.

In sy oproep aan Christene in Suid-Afrika, het Gquiba in sy *Circular to the Religious Community* verklaar dat 'n demoniese regering, wat nie volgens die wil van God bestaan nie, in Suid-Afrika die oorsaak is van bloed, dood en ellende. In die lig hiervan, verklaar hy: "Now is the time to act!" Hy gaan voort: "No true religion can seek partnership, collaboration or any form of engagement with such a regime."

In alle opsigte vertoon die aanslag op die kerk die kenmerke van die revolusionêre Marxisme. Dit is besonder insiggewend om na die uitsprake van die ANC self in hierdie verband te kyk.

### Die Kerk en die Kapitalisme

In ooreenstemming met die Marxistiese soialisme, verklaar die ANC dat die kapitalisme 'n onderdrukkende sisteem is, wat vir al die ellende en onderdrukking in die wêreld verantwoordelik is. Die taak van die kerk lê, volgens die ANC, primêr in die vernietiging van die kapitalisme. In 'n onlangse uitgawe van *Phakamani*, amptelike mondstuk van die ANC se Departement Godsdienssake, word verwys na 'n uitspraak van Michael Lapsley. Lapsley verklaar dat die Christelike kerk baie swaar dra aan sy verantwoordelikheid vir die feit dat hy, as gevolg van sy verbintenis met die kapitalisme, nie 'n eie kritiek oor die 'ontmensing' van die mensdom het nie. Volgens Lapsley spruit vele ideologiese veronderstellings van die Christelike kerk uit die kapitalistiese produksiewyse en nie uit die Evangelie van Jesus Christus nie.

Die oogmerk van die ANC is primêr daarop gerig om die kerk te gebruik om die kapitalisme te bestry, en nie om mee te werk in die verwesenliking van God se koninkryk op aarde nie. Die kerk is bloot 'n instrument om die Marxiztiese kommunisme te vestig.

### Die Kerk en die *Freedom Charter*

In die geledere van die ANC en sy vennoot, die SA Kommunistiese Party (SAKP), word die *Freedom Charter* as grondslag van die Marxistiese revolusie aanvaar. In 'n artikel "In Our Lifetime" van Nelson Mandela in *Liberation*, Junie 1956, verklaar hy dat die *Charter* nie bloot 'n lys van eise vir demokratiese hervorming is nie. Mandela bestempel dit as 'n revolusionêre dokument juis omdat die veranderinge wat in die vooruitsig gestel word, nie bereik kan word sonder om die bestaande ekonomiese en politieke orde in Suid-Afrika te vernietig nie. Ten einde aan die eise van die *Charter* te voldoen, moet, volgens Mandela, die stryd



van die massa op die grootste moontlike skaal georganiseer en ontwikkel word.

Volgens die ANC sluit die taak van die kerk hierby aan. In sy mondstuk *Phakamani* (vol. II, no. 1 van 1988), verklaar die ANC dat die *Freedom Charter* volkome in ooreenstemming met die Christelike geloof en die taak van die kerk is. Met verwysing na vader A. Nolan van die Rooms-Katolieke Kerk, word van die *Freedom Charter* gesê dat, aangesien die kerk geroepe is om die tekens van die tye te lees, die *Freedom Charter* met al sy beperkinge ernstig as een van die tekens van die tyd gesien moet word, en as een van die plekke waar ons na die profetiese stem van God moet soek.

Dit was P. Selznick wat dit in sy boek, *The Organizational Weapon: A Study of Bolshevik Strategy and Tactics*, besonder duidelik gestel het dat geen organisasie – selfs nie die kerk nie – van infiltrasie deur die kommunistiese partye uitgesluit is nie. Hiermee word gepoog om die kerk as 'n "periferale organisasie"

1 Prof AWG Raath van die Departement Staatsreg en Regsfilosofie, UOVS, Bloemfontein skryf in hierdie artikel dat die ANC hom as 'n Christelike organisasie voordoen. Sodoende slaag hy daarin om die direkte en indirekte steun van die kerklike bewegings in Suid-Afrika te verkry sonder dat hulle in staat is om deur die werklike aanslag teen die Suid-Afrikaanse samelewing te sien. Hierdie artikel het verskyn in *Die Kerkbode* van 20 Januarie 1989.

te gebruik om die massa van die bevolking teen die bestaande regering te mobiliseer. In hierdie proses word slagkrete soos 'burgervryheide' en 'menseregte' dikwels gehoor, ten einde die bevolking teen die regering in opstand te bring.

In die loop van mobiliseringsaktiwiteite, is kommunistiese partye baie versigtig om nie hulle ware antipatie jeens burgervryhede en menseregte bekend te maak nie. Selznick verduidelik dit treffend:

> "If (the Party) does not favour freedom for its enemies, or ultimately even for those who presently consider themselves its friends. Conspiracy is inherent in bolshevism, for the moment it attempts to mobilize support on a non-communist basis – and this is fundamental to its political strategy – it must train its agents in deception."

Die ware oogmerke van die ANC met die Departement van Godsdienssake kom egter duidelik aan die lig wanneer die kerk sentraal in die revolusionêre aanslag van die ANC/SAKP-alliansie gestel word.

### Die Kerk en die Revolusie

In 'n vroeëre uitgawe van *Sound Faith, Love and Endurance* (vol I, no. 2, 1987) word in die redaksionele artikel verklaar dat die ontwaking van die godsdienstige gemeenskap van groot belang in Suik-Afrika is. Voorts word gesê dat die teologie tot dusver die fundamentele perspektief van "revolusionêre transformasie" ontbeer.

In 'n uitgawe van *Phakamani* word van die kerk gesê dat dit nie neutraal kan staan nie; die kerk moet ook 'n belangrike rol in die revolusie speel. Van die kerk word ook verwag om homselt te verbind aan die noodsaaklikheid van gewapende geweld. Hierdie versoek word afgesluit met die oproep dat die Christelike revolusionêres en lede van die ANC alle Christene moet aanspoor om die stryd op die basis van die *Freedom Charter* te vergroot.

In die redaksionele artikel in die mondstuk van die ANC se Departement van Godsdienssake (vol I, no. 2, 1987) verklaar die hoof van dié departement, Fumankile Gquiba, dat die 'ontwikkeling' van die godsdiensgemeenskap in Suid-Afrika die opstanding van Christus van die eeue-oue beweging van revolusionêre profete is, wat vryheid aan die gevangenes en oordeel aan die onderdrukkers verkondig.

In 'n verklaring van Oliver Thambo tydens die *Liberation Movement Dialogue* van die Wêreldraad van Kerke (4 tot 8 Mei 1987) het hy uitdruklik verklaar dat die perspektief op die toekoms van Suid-Afrika een is van politieke en militêre stryd wat in felheid sal toeneem. Hy het voortgegaan deur te verklaar dat die ANC sal aanhou om aan die deur van die kerk te klop en te vra vir die volle betrokkenheid van die kerk in alle aspekte van die stryd.

### Die ANC en die Kerk in Suid-Afrika

Die kerk is 'n handige werktuig in die aanslag van die ANC/SAKP-alliansie aangesien ongeveer sewentig persent van die inwoners van Suid-Afrika Christene is en omdat die kerk 'n sterk gewetenshouvas op sy lidmate het. Deur homself as 'n Christelike organisasie voor te doen, slaag die ANC daarin om die direkte en indirekte steun van kerklike bewegings in Suid-Afrika te verkry. Wat binnelandse kerklike groepe betref, kan byvoorbeeld verwys word na die sinodesitting van die NG Kerk in Afrika in September 1984, waartydens die Regering van Suid-Afrika versoek is om die ANC as 'n politieke organisasie te erken.

In die geledere van die NG Sendingkerk, het dr A Boesak sy solidariteit reeds by verskeie geleenthede met die ANC betoon. Tydens sy besoek aan Maputo van 14 tot 17 Februarie 1985 het hy verskeie kere in die openbaar saam met die ANC-figure verskyn en na die ANC verwys as "ons mense" en "ons organisasie".

Wat die Rooms-Katolieke Kerk betref, is dit veral biskop Hurley wat nouer bande met die ANC bevorder het. Tydens 'n perskonferensie op 31 Januarie 1981 het hy verklaar dat die ANC gereken moet word as die magtigste faktor met betrekking tot swart bevryding in Suid-Afrika.

Uit samesprekings van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke met die ANC, onder meer tydens die Wêreldraad van Kerke se beraad in Harare in Desember 1985, blyk ook 'n duidelike gees van solidariteit met die ANC.

### Marionette deel van die Front

Die ANC/KP-alliansie funksioneer op die grondslag van die twee-fase-revolusie. Volgens hierdie klassieke Marxistiese benadering speel die ANC-leierskap 'n belangrike rol deurdat dit die nasionale demokratiese revolusie op die basis van die *Freedom Charter* moet bewerkstellig. Tydens die tweede fase kom die SAKP op die voorgrond met 'n sosialistiese revolusie en die vestiging van 'n werkstaat, synde 'n 'volksdemokrasie', op weg na die uiteindelike doelwit, naamlik 'n klaslose kommunistiese samelewing.

Met die oog op die eerste fase van die revolusie, probeer die revolusionêre allianse om die massa van die bevolking oor 'n wye spektrum teen die bestaande regeringsinstellings te mobiliseer. Hiervoor word selfs die kerk gebruik. In Viëtnam het byvoorbeeld 'n nasionale front na vore gekom wat verskeie nie-kommuniste ingesluit het.

***Vervolg op bl. 10***

# Nederlandse verset en die 80-jarige Oorlog

***Hugo Hayes***

**Opkoms van die Nederlandse konstitusionele denke**

Teen die begin van die 16de eeu kon daar nog nie werklik van 'n vrye Nederland gepraat word nie, inteendeel. Dit het uit 'n losse verbintenis tussen 'n twintigtal kleiner state bestaan. Nederlandse landhere het weliswaar daarin geslaag om 'n personale unie, soos dit bekend gestaan het, tot stand te bring; maar steeds onder die Habsburgse bewind van destyds. Die knelvraagstuk was dat die Nederlande onder Spaanse politieke beheer gestaan het, deurdat die invloedsfeer van die destydse Spaanse Ryk tot diep in Europa gestrek het. Op godsdienstige gebied was die Europese lande aan die begin van die 1600's oorwegend Rooms-Katoliek, met inbegrip van die Nederlande.

Hoe meer die Hervorming van die 16de eeu posgevat het, hoe hewiger het die vervolging onder die Rooms-Katolisisme en die onderdrukking van die Spaanse regering geword. Terselfdertyd het die Nederlandse bevolking al sterker onder die deurwerking van die Hervorming begin kom. Maar meer as dit: daar het ook onder die kulturele en politieke elite 'n beweging teen die Rooms-Katolisisme en Spaanse oorheersing ontstaan.

Nederlandse konstitusionele denke het as gevolg daarvan tot ontwikkeling gekom en veral sedert die 2de helfte van die 16de eeu 'n rypwording ondergaan. Die godsdienstige en konstitusionele idees van die Protestantisme het in daardie tyd al hoe sterker na vore gekom. Dit het die konsitusionele denke gestimuleer t.o.v. veral die begrippe burgerlike vryheid, politieke deelname en konstitusionele regering. Onder Spaanse oorheersing was die verwesenliking hiervan hoegenaamd nie moontlik nie, aangesien die Nederlande van hierdie privilegies ontneem was.

**Reformasie en Protestantisme vs Rooms-Katolisisme**

Ons vind egter dat onder die kragtige uitwerking van die Reformasie daar in Nederland 'n al hoe groter weerstand teen eerstens die godsdienstige oortuigings van die Rooms-Katolisisme en tweedens die onderdrukkende oorheersing van die Spaanse regering ontstaan het.

In vorige bydraes is daarop ingegaan hoedat die godsdienstige en wêreldbeskoulik uiteenlopende beskouings tussen dié van die Protestantisme en dié van die Rooms-Katolisisme tot spanning en konfrontasie gelei het. Dit het die Nederlande veral sedert 1550 in direkte konflik met Spaanse oorheersing gebring, wat uiteindelik tot openlike verset aanleiding gegee het.

Wat verder steeds onthou moet word is dat die Spaanse Inkwisisie reeds in 1478 deur die Rooms-Katolieke monargie ingestel was. Dit was sodat Katolieke ortodoksie gehandhaaf sou word in die aangesig van die verbreiding van die Protestantisme. Die Spaanse regering was vasbeslote dat sy kolonies onder pouslike beheer moes bly. In die ongeveer drie eeue wat daarop gevolg het, word bereken dat ongeveer 150 000 Christengelowiges wreed vervolg en daar tussen 3 000 en 5 000 mense vermoor is. Die Roomse kerk het nie gehuiwer nie om van die Spaanse weermag gebruik te maak, ten einde haar oogmerke te bereik.

Die teenstellende godsdienstige en wêreldbeskoulike idees tussen die Protestantisme en die Rooms-



Katolisisme het die Nederlandse weerstand tot by die punt gedryf dat dit tot konfrontasie met die Spaanse owerheid gelei het. Dit was die begin van wat bekend gestaan het as die Nederlandse opstand en wat tot die Tagtigjarige Oorlog wat van 1568 tot 1648 geduur het, aanleiding gegee het. Gedurende hierdie tyd is die Nederlandse beskouinge oor die essensie van burgerlike vryheid, verteenwoordigende regering en konstitusialisme tot volle ontplooiing gebring. Dit het die geestelike klimaat in die Nederlande gereed gemaak en voorberei vir die tydperk wat daarna gevolg het, in wat as die Goue Eeu bekendstaan.

**Uitgangspunte van die Nederlandse Reformatoriese staatsbeskouing**

Die beginsels waarop die Reformatoriese denke staan en onder Nederlandse en ander staatkundiges uitgewerk was, kom van beide die Lutherse en Calvinistiese insigte. Dat naamlik kerk en staat as onderskeie instellings in eie reg hanteer behoort te word. Dat kerk en staat oor hulle onderskeidende verantwoordelikhede beskik, kragtens die goddelike verordening. Die hiërargiese bowe- en onder-

skikking van kerk en staat stel 'n verwronge beeld van die samelewing daar. Beide is gelykwaardige samelewingsinstellings en moet as sodanig hanteer word. Verder is die oppergesag van die menslike rede in die politieke ordening van die staat verwerp, ten gunste van Bybelse beginsels. Die norme soos uit die Woord van God afgelei geld vir politieke ampsbekleders en bepaal hoedanig die verhouding tussen owerheid en onderdaan daar moet uitsien.

In die nadenke moet nogtans met die onderskeid tussen die Lutherse en Calvinistiese werklikheidsbeskouing rekening gehou word. Luther het nog die klem op die saligheid van die individuele mens geplaas, en dit aan sy beskouing oor die twee koninkryke-leer (onder die invloed van die Roomse skolastiek) gekoppel. Hy tref naamlik die onnatuurlike onderskeid tussen die *Civitas Dei* en die *Civitas Terrena*. Eersgenoemde sou dan die "heilige domein" wees, waarin die kerk figureer en regverdigmaking deur die geloof verkondig word. Laasgenoemde die "domein van die natuur", wat as't ware buite en onafhanklik van die heerskappy van God staan en waar die natuurreg heers.

Krediet moet egter aan Luther gegee word vir sy standpunt dat die reg van verset teen tiranniekie owerhede erken word, gegrond in die reg van volksverteenwoordigende liggame, 'n belangrike beginsel in die reformatoriese denke. So vind ons, bv., dat die reg van volksverteenwoordigende politieke instellings as grondslag vir die reg van verset teen tiranniekie owerhede alreeds in die Maagdenburg Belydenis van 1555 beliggaam is.

By Calvyn vind ons die insig dat God soewerein oor die ganse werklikheid heers en gesag voer. Calvyn beklemtoon dat welke lewensterrein ookal, onder een en dieselfde gesag staan, te wete die absolute heerskappy van Jesus Christus. Hierdie oortuiging van Calvyn het in die 19de/20ste eeu, danksy die werk van Nederlandse denkers Groen van Prinsterer en Abraham Kuyper tot die verdere insig gelei dat elke lewenskring soewerein binne die grense van 'n eie bevoegdheid bestaan. Elkeen beskik oor 'n eiesoortige, unieke aard en karakter, maar is terselfdertyd onderworpe aan die absolute gesag van God. Die een het nie regeermag oor die ander nie, maar elkeen bestaan as 'n selfstandige verbondseenheid. Onder die Rooms-Katolieke tweedeling van die genadesfeer van die kerk en natuurlike sfeer van die staat, kon hierdie kardinale beginsel onmoontlik tot sy reg kom.

Die ontwikkelingsgang van die Protestantse konstitusionele denke gedurende die 16de eeu en daarna, het 'n voortgaande verdiepende en verruimende perspektief op die ordeningsbeginsel en die individualisering van die staat teweeggebring, soos in die Christelike Westerse beskouing daarvan. In die loop van die 2de helfte van die 16de eeu het belangrike bydraes van Protestantse denkers hulle verskyning gemaak, ter verdediging van die beginsel van burgervryhede en privilegies. Dit het voortgaande as katalisator gedien vir die denke oor deelnemende en verteenwoordigende burgerlike instellings teenoor tiranniekie regerings en vorste. Daar was onder meer dié van Marnix van St Aldegonde, wat 'n uitgebreide apologie vir die beskerming van die Nederlande se konstitusionele vryhede en privilegies bevat.

**Die rigtinggewende bydrae van Reformatoriese denkers**

Reformatoriese denkers soos Hotman, Beza en Lanquit het die klem geplaas op die konstitusionele band tussen vorste en hulle onderdane, deur dit so in verbondsterminologie te beskryf.

Beza het onder meer die skerp onderskeid tussen 'n eerbare vors en 'n tiran getref, deur op die Griekse tradisie van tirannie terug te gaan. 'n Tiran is beskryf as 'n maghebber wat nie alleen sy bewind met geweld in stand hou nie, maar hom ook vergryp aan die lewens en eiendom van burgers en hulle vroue. In sulke omstandighede, konstateer Beza, is dit 'n burgerreg en burgerplig dat, indien nodig, daar met geweld van so 'n tiran ontslae geraak mag word.

Een van die eerste sake waaraan aandag gegee was, was die bedreiging van burgervryhede. In hierdie verband is Jacob van Wesembeeke, maar veral Marnix van St Aldegonde se bydraes van groot belang. Beide genoemdes het publikasies laat verskyn waarin die beskouing i.v.m. burgervryhede verwoord is. Daar is gewys op die natuurlike en ingeskape vryheid, wat deur inwoners van die Lae Lande bo alles waardevol geag is en dat nie toegelaat kon word dat dit ondermyn word nie.

Die Spaanse politieke beleid het tot 'n skending van privilegies en vryhede gelei, wat die fundamentele grondslae van die reformerende Nederlandse konstitusionele denke ondermyn het. Die idee van staatkundige vryheid was in die Nederlandse beskouing daarvan deurslaggewend. Tot dié mate dat van hulle regeerders oor die eeue heen verwag is om die eed af te lê dat die privilegies en vryhede nie geskend sou word nie.

Verskeie tekste van belang waarin hierdie kwessies aangespreek was het gedurende die tweede helfte van die 16de eeu verskyn. Daarvan onder meer (i) 'n Verdediging en ware

*Vervolg op bl. 8*

Deklarasie (1571); (ii) Politieke opvoeding (1582) en wat bekend was as (iii) Die kort uiteensetting (1582). Die werke van Francois Hotman, Theodorus Beza en Hubert Lanquit met sy Vindiciae Contra Tyrannos (VCT) was deurslaggewend.

Marnix van St Aledegonde het op die bedreiging van die Lae Lande gewys, deurdat hulle privilegies hulle ontneem is en hulle aan dwingelandy ingevolge die Inkwisisie onderwerp is. Dit was 'n aanslag van pouslike kant, ten einde hulle hul vryheid te ontneem. Marnix beklemtoon o.m. die verhouding tussen die antieke vryheid waaroor die Nederlande beskik en die privilegies wat daaruit ontstaan het. Inwoners van die Lae Lande se versugting na vryheid en godsdiens was sodoende op die spits gedryf; dit het sover gegaan dat selfs hulle gewetensvryheid aangetas is.

Tirannie is gedefinieer as die uitwissing van burgervryhede by wyse van kompetensie-oorskryding van die regeeramp en die negering van plegtige ondernemings soos teenoor die onderdane gemaak. Wat in die Nederlande sodanig ontaard het dat selfs volksverteenwoordigende instellings deur die pouslikes ingepalm is. Nadat hulle gevestigde burgervryhede opgehef is, is hulle godsdiensvryheid aangeval en is hulle met wapengeweld gedreig.

Die argumente in Lanquit se VCT is gelyklopend met soortgelyke standpunte wat in die Nederlandse konstitusionele denke uitgekristalliseer het. Daarin gaan dit oor twee kontrakte: (i) die verbond tussen God, die koning en die laer volksverteenwoordigende instellings en (ii) dié tussen die koning en die volk.

Dit is soos volg uitgelê: die gesag van die volk word in volksverteenwoordigende struk-ture beliggaam. Daardeur, volgens die VCT, het die volk nie hulle oorspronklike soewereiniteit prysgegee nie. Konings en vorste is dienaars van die volk. Wanneer die koning sy kontrakverpligtinge ontduik, het die volk 'n reg om hom te weerstaan. Dit is 'n kontrak wat volk en vors wedersyds verbind en wat in die Nederlandse versetdenke duidelike neerslag gevind het. Konstitusionele kompetensieperke aan die gesag van konings en vorste is tradisioneel deur kontraktuele verbondsondernemings vasgelê, volgens Marnix.

Die pouslikes het deurgaans in stryd met wedersydse verbondsondernemings en gepaardgaande ede opgetree. By aanvaarding van die koningskap van Brabant het die koning deur plegtige eedswering en verbond beloof dat hy die inwoners se besware, versoeke of eise sal aanhoor en besleg. Desondanks het die Spaanse koning Philips hierdie eedswering en verbond blatant geïgnoreer.

**Oorgang tot verset teen tirannieke Spaans-Katolieke oorheersing**

Die Nederlanders het net soos die Franse, Calvyn se standpunte oor die oorsprong, aard en doel van politieke gesag onderskryf. Marnix het die ondermyning van die Nederlandse republikeinse instellings deur pouslike ingryping teengestaan, aangesien dit volksverteenwoordigende instellings se inspraak by wetgewing sou elimineer. Hy het dit onder meer ook teen die pouslike edikte gehad, waardeur drakoniese stappe teen die godsdiensvestings van die Lae Lande van stapel gestuur is, in stryd met hulle gevestigde antieke gebruike.

Daar is eenvoudig deur die pouslike owerhede voortgegaan om die Nederlandse volksverteenwoordigende instellings te vervang met instellings wat die Spaanse keiser ten diens was. Insgelyks is daar ook op die godsdiensvervolgings (in Frankryk) gewys waar die pouslikes in stryd met die wette van die stande opgetree het. Die Spaanse koning het ondanks versoeke deur die Nederlandse adel ter nakoming van sy eedverpligtinge, dit van die hand gewys.

Onregmatige optrede van die tirannieke vors setel in sy skending van plegtige ondernemings, die ondermyning van die Wette van God en dié van die mense en die aantasting van heilige aangeleenthede. Dit was vóór alles 'n aantasting van die goddelike verordening vir regeerders, van onderdaansvryhede en die ondermyning van die gesag van die laere magistrate as volksverteenwoordigers.

Van Wesembeeke en andere het dit derhalwe so beskou as dat deur die skending en verontagsaming van daardie ondernemings en wette deur die Spaanse owerhede daar 'n reg tot verset ontstaan het. Die state is as die aangewese entiteite beskou wat die leiding in die verset moet neem, m.a.w. daar waar die volksverteenwoordigers gesetel is.

Die Nederlandse afskeiding van Spanje in 1581 by wyse van die Plakkaat van Verlatinge was 'n betekenisvolle stap in die verkryging van vryheid, al sou die militêre stryd nog vir etlike jare daarna voortduur. Die Plakkaat was in wese 'n onafhanklikheidsverklaring, waarvolgens 'n aantal Nederlandse state hulle van Spaanse oorheersing losgemaak het. Dit het daarop neergekom dat Philips II as regeerder van die Nederlande afgesit is.

**Waarderende slotopmerking**

'n Laaste opmerking bevat 'n waardering van die Nederlandse opstand. Dit val op dat die verset

*Vervolg op bl. 15*

# Statutêre beheer van die Kerk in Suid-Afrika

***Hugo Hayes***

**Grondwet en die belang van die godsdiensgemeenskap**

Sedert die instelling van die Kommissie vir die bevordering en beskerming van die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe (KGT) in terme van artikel 22 word daar alhoemeer deur die staatsowerheid in die rigting van die regulering van die kerklik-godsdienstige sfeer beweeg.

Die gesprek wat die afgelope jare gevoer was tussen die godsdiensgemeenskap wat tot stand gebring is onder die oorwegend swart kerklike denominasies, en die gemelde Kommissie (KGT), het vasgeval. Die onderliggende rede daarvoor moet aan die verskuilde agenda (ideologie) van partye binne die staatsopset toegeskryf word. Terwyl dit oor die bevordering van die belang van die godsdiensgemeenskap behoort te gaan, het die gespreksgroep die Kommissie se houding teenoor die godsdiensgemeenskap toenemend as uiters negatief beleef, tot die mate dat die voorsitter van die gespreksgroep (prof. Xulu) onlangs sy bedanking aangekondig het. Voorts blyk dit dat daar hoegenaamd nie vordering gemaak is ter bereiking van wat met die betrokke bepaling in die Grondwet beoog word nie.

Die voormelde Kommissie is in terme van Hoofstuk 9 van die Grondwet tot stand gebring, ten einde aan sekere bepalings gevolg te gee. Terwyl dit op die bevordering en beskerming van die regte van godsdiensgemeenskappe gerig behoort te wees, het daar weinig daarvan tereggekom. Hierdie bepalings word in Artikel 185(1) van die Grondwet beskryf. Die mandaat van die Kommissie word meer uitvoerig in die *Wet vir die Kommissie vir die bevordering en beskerming van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe* (Wet 19 van 2002) uiteengesit. Artikel 5 van die Wet gee aan die Kommissie die mandaat om, ten einde aan die grondwetlike oogmerke beslag te gee, sekere goed te mag doen. Daar is 'n 11-tal daarvan wat deur die Kommissie onderneem kan word, soos in die Wet uiteengesit.

Daar is artikels wat bepaal dat lede van 'n kulturele, godsdienstige of taalgemeenskap 'n gemeenskapsraad mag vestig wat moet sorgdra dat die regte en vryhede van daardie gemeenskap bevorder word. Sodanige gemeenskapsraad kan dan aansoek doen om deur die Kommissie erken te word. Dit dui reeds op owerheidsregulering.

**Staatlike betrokkenheid oorskry die bevoegdheidsgrense**

Na die verskyning van mediaberigte in 2017 het die Kommissie ondersoek gedoen na 'n hele aantal sake in kerklik-godsdienstige geledere waarvan ondermeer die kommersialisering van godsdiens en die misbruik van geloofsraamwerke, soos dit gestel is. Volgens die Kommissie het hy 'n hele aantal sistemiese probleme in die godsdienssektor identifiseer. Dit dui volgens die Kommissie op bepaalde leemtes binne die godsdienssektor, wat 'n verskeidenheid kwessies insluit en wat regstelling vereis. Die Kommissie het daarna gekom met die gedagte van "interne regulering", maar waarby die staatsowerheid bepaalde vereistes wil stel.

Sedertdien het daar 'n organisasie, South African Church Defenders, op die been gekom wat hom openlik teen die optredes van die Kommissie begin uitspreek het. Dit is deur 'n hofaansoek gevolg waarin aangevoer is dat die Kommissie buite sy grondwetlike en statutêre mandaat optree.

Die kwessies wat in die hofaansoek na vore gebring was, sluit ondermeer die staat se beoogde regulering van die kerklike sektor en die lisensiëring van godsdiensleiers ingevolge sekere artikels (15, 18 en 31) van die Grondwet, in. Dit het daaroor gegaan dat die Kommissie inbreuk maak op die selfstandigheid van die godsdiensgemeenskap, asook die vryheid van godsdiens en van assosiasie van gemeenskappe skend. Daar was aangevoer dat die Kommissie se optrede onregmatig, irrasioneel en prosedureel onwettig is. Daar word, bv., daarna verwys dat die Kommissie van oordeel is dat elkeen wat beweer dat hy/sy met God praat, vir psigiatrie moet gaan. Vroeër het 'n verteenwoordiger van die betrokke departement ook smalend verwys na "this thing called Christianity".

Dit alles dui daarop dat die staat die oorspronklike bedoeling van die grondwetlike bepalings oor kultuur-, godsdiens en taalgemeenskappe na eie goeddunke interpreteer. Hoewel die Kommissie met die gedagte van "interne regulering" deur die betrokke gemeenskappe gekom het, begin dit almeer daarop dui dat die staatsowerheid 'n beleid van gedwonge beheer (d.w.s. van staatsweë) en regulering van die godsdienssektor wil deurvoer.

**Verreikende implikasies vir die kerklik-godsdienstige sfeer**

Dit alles hou ingrypende implikasies vir die kerklik-godsdiensige sfeer van die samelewing in. Dit kan uiteindelik daartoe lei dat die vryheid van

godsdiens en van die Christelike Kerk sodanig ingeperk word dat die Kerk aan die willekeur van die staatsowerheid uitgelewer staan en deur laasgenoemde gereguleer word. Dit is ŉ scenario met skrikwekkende gevolge sover dit die Christelike Kerk betref. Ons moet onsself afvra wat dan van die prediking van die Evangelie sal word en of die Kerk hoegenaamd toegelaat sal word om met die Woordbediening te kan voortgaan.

Die Reformatoriese Kerkgemeenskap durf haar daarop te beroep dat artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis die verhouding tussen kerk en staat duidelik en onomwonde uiteensit. ŉ Gedeelte daarvan (oor die staat as sodanig) word aangehaal: ... “En hul opdrag is om nie alleen ag te te gee op en te waak oor die staatsinstelling nie, maar ook om die heilige bediening te handhaaf, om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens, om die ryk van die Antichris te gronde te rig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie orals te laat preek, sodat God deur elkeen geëer en gedien word, soos hy in sy Woord beveel. ...”

Dit word almeer duidelik dat die staatsowerheid téén hierdie uitdruklik Bybelse opdrag ingaan en dit teenstaan deur hom op onbehoorlike wyse aan magsoorskryding skuldig te maak. Die staatsowerheid het geen mandaat ontvang om hom op die terrein van die kerk te laat geld nie. Die kerk het ook ŉ reg op vryheid soos elke ander instelling.

Verder behoort die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring gehandhaaf te word, naamlik dat geen instelling van die samelewing buite sy bepaalde terrein van bevoegdheid mag beweeg en op dié van ŉ ander inbreuk maak nie. Dit geld ook die staat.

Dit is bekommerenswaardig dat tot in hierdie stadium daar nog nie onder die Afrikaanse Christelike Kerke tot verset van die een of ander aard oorgegaan is, ten einde die staatsowerheid in sy aanslag op die Christelike Kerk teen te staan nie. Daar mag nie toegelaat word dat, vanweë ŉ pasifistiese ingesteldheid onder die Afrikaanse Kerke, die staat totalitêre beheer óók oor die kerk verkry en die kerk daardeur in haar roeping en opdrag gestuit/gemuilband word nie. Hoe sal ons as Christelike Kerkgemeenskap ons hieroor kan verantwoord?

**Verset uit die Christelike Kerkgeskiedenis**

Die Maagdenburg-verset van 1550 is ‘n betekenisvolle gebeurtenis in die geskiedenis van die Protestantse Kerk. Die Kerk aldaar het van die Rooms-Katolisisme weggebreek en haar op die beginsels van die Reformasie gegrondves. Dit het die Katoliek-gesinde keurvors van Sakse in Duitsland nie aangestaan dat die Kerk die Rooms-Katolisisme prysgegee het nie. Die keurvors het daarop aangedring dat die Kerk na die Rooms-Katolieke liturgiese orde terugkeer of gevaarloop dat daar teen die stad opgetree word. Die gereformeerde stadsvaders het desondanks besluit om die keurvors teen te staan. Die stadsraad het gevolglik geweier om aan die Edik van Augsburg van 1547 gehoor te gee, selfs al sou dit uitsluiting tot gevolg hê, deurdat die stad sy onafhanklike en outonome status ontneem sou word. Die keurvors het daarna opdrag gegee dat die stad beleër word. Dit het die stadsraad nie van standpunt laat verander nie en daar is besluit om die stad te verdedig. Nadat uiteindelik ongeveer 4 000 manskappe hulle lewens verloor het, was die keurvors genoodsaak om sy troepemag te onttrek, waarop gunstige voorwaardes met die stadsraad beding sou word, met behoud van sy Protestantse inslag.

---

*Vervolg van bl. 5:* **Die aanslag van die ANC op die Kerk**

ŉ Wye verskeidenheid ‘demokratiese’ elemente het hulleself as marionette teen die regering laat gebruik, insluitende akademici, Boeddhiste, Rooms-Katolieke en studente. Die oomblik toe die “nasionale bevryding” bewerkstellig is, het die kommunistiese leierskorps egter op die voorgrond gekom en liberale bondgenote in die front uitgeskakel.

Dalk behoort die gebeure rondom eerw. Tran Huu Thanh, ŉ Rooms-Katolieke priester, die ANC-bondgenote in die geledere van die kerk uit hulle naïwiteit te skok. In 1973 het hy ŉ anti-regeringsbeweging in Suid-Viëtnam georganiseer in ŉ poging om ‘hervorming’ teweeg te bring. Hy was veral behulpsaam om mense in proteskampanjes te organiseer. Deur hierdie kampanjes is die regering tot ŉ val gebring en het dit tot ŉ kommunistiese oorname gelei. Na die kommunistiese oorwinning is eerw. Thanh en sy medewerkers gearresteer en aangehou.

Soos so dikwels in die verlede, het die revolusionêre alliansie bewys dat hy slegs bereid is om die liberale elemente te gebruik solank as wat dit tot sy voordeel is, daarna word hulle konsekwent uit die weg geruim. ŉ Mens wonder onwillekeurig hoeveel van die marionette in kerklike gewaad ná ŉ ANC/SAKP-oorname hier te lande vir die revolusionêre alliansie van nut sal wees.

# Kommentaar op die nuwe voorgestelde geskiedenis-kurrikulum vir Suid-Afrika

### *Opgestel vir TLU SA – Hugo Hayes*

1. Die benadering vir en bedoeling met die nuwe voorgestelde geskiedenis-kurrikulum word soos volg gemotiveer:

   "An African-centred approach recognises that the African past is knowledgeable and pursues the history of Africa through multiple methodologies to reconstruct the histories of Africans on the continent and in the world. The intention is to develop in the African child a strong foundational knowledge, understanding and appreciation of the continent, and its relationship to the world."

2. Dit is uit die aangehaalde duidelik dat die uitgangspunt wat gevolg wil word daarop neerkom dat in die bestudering van die geskiedenis by die kontinentale kontekste van die Afrika-geskiedenis aansluiting gevind moet word. 'n Afrika-gesentreerde benadering waarin daar aan die geskiedenis-onderrig 'n kontinentale 'bloudruk' gegee wil word, sodat wat in SA bestudeer sal word binne die konteks, maatstaf en norm van die Afrika-geskiedenis beoordeel en geïnterpreteer sal word. Afrika-geskiedenis moet hiervolgens as die model geneem en gerekonstrueer word, van waaruit ook Suid-Afrika se geskiedenis bestudeer word. Dat Afrika oor 'n eie geskiedenis beskik, word wel erken, maar dan moet daar terselfdertyd opgemerk word dat dit grootliks 'n geskiedenis van burgerlike konflik, diktatoriale regering, staatsgrepe, veragterde gemeenskappe en onderdrukking van bevolkings uitmaak. Die kritiese vraagstuk blyk dus die Departement se bedoeling te wees dat die beoordeling en interpretasie van die geskiedenis op die Afrika-benadering met sy uiters problematiese historiese nalatenskap geskoei moet word. Die voorgestelde kurrikulum plaas die bestudering van die geskiedenis eksplisiet binne 'n Afrikanistiese konteks. Die Departement stel dit immers duidelik:

   "This is not a narrowly focused patriotic history. It purposefully move away from parochialism and exceptionalism to develop in learners a global historical consciousness from the vantage point of Africa."

3. Daar moet met die dieperliggende saak van die religieuse wat aan die grondslag van die beoordeling/waardering van die (enige) geskiedenis lê, rekening gehou word. Dit is in die finale instansie bepalend van hoedat die geskiedenis wat bestudeer word aan daardie religiositeit gekonformeer het of in gebreke gebly het om daaraan te beantwoord. Waaruit volg dat die besondere lewens- en wêreldbeskouing wat daaruit voortkom, sy stempel op die ontplooiing van die geskiedenis sal afdruk. In die voorgestelde kurrikulum word dit geïmpliseer dat daar vanuit 'n pertinent Afrikanistiese religieuse oriëntasie gewerk behoort te word in die aanbieding en beoordeling van die geskiedenis. Lewens- en wêreldbeskoulik gesien, staan dit derhalwe konformering aan die Afrikanistiese voor, met sy gepaardgaande vergestaltings (byvoorbeeld 'uhuru'; diktatorskap, ontwrigte samelewings ens). Dit is eweeens tekenend van hoedat Afrika se geskiedenis ontplooi het deur dit wat die gemeenskap tot historie-vorming regoor die Afrika-kontinent bygedra het. Die gemeenskap ("we, the people ...") se opvatting oor wat as goed en waar en reg in bepaalde omstandighede beskou word, en wat tot norm vir die historiese bewussyn gestel word. Religieuse vertrekpunte wat oorwegend as die verklaringsgrond vir gebeurlikhede geneem word sluit onder meer die animisme en voorvader-verering in. Die kritieke vraag ontstaan dus: hoe sou so 'n eksemplaries verwronge voorstelling soos die Afrikanistiese enigsins tot 'n objektief-geldige beskouing en beoordeling van die geskiedenis van Suid-Afrika kon bydra? En gevolglik: van watter opvoedkundige waarde, indien enige, sou dit in die finale instansie vir geskiedenis-onderrig kon wees, terwyl daar nie 'n korrektief in vooruitsig gestel word nie?

4. Dit word verder benadruk dat daar in Suid-Afrika 'n veelheid van geloofoortuigings en voortspruitende lewens- en wêreldbeskoulike uitgangspunte bestaan. Die vraag ontstaan derhalwe of pan-Afrikanisme as 'n objektief-geldige religieuse vertrekpunt vir geskiedenis-onderrig geneem kan word. Ten einde 'n objektief-geldige perspektief op die geskiedenis by die SA-leerling tuis te bring, sal daar 'n religieuse vertrekpunt geneem moet word wat reg laat geskied aan die bevolking van Suid-Afrika as geheel, maar die vraag is

hoe? Daar is 'n diversiteit van lewensbeskouinge, soos in die multi-religieuse en multi-kulturele begrip vervat en waarvan die departementele beleid uitgaan. In die praktyk kon die Departement tot nogtoe nie daarin slaag om in geskiedenis-onderrig op regmatige wyse uitdrukking te gee aan die onderskeie geloofsoortuigings en kultuur-identiteite nie. Die enigste regverdigbare oplossing sou wees dat elkeen van die diverse kultuur-identiteite se eie geskiedenis erken word en dit in die leer en onderrig as sodanig toepassing sal vind. Om nou weereens sekere groeperinge (kultuur-identiteite) te verontagsaam ter wille van 'n oorkoepelende pan-Afrikanistiese benadering sal steeds op openlike diskriminasie en miskenning neerkom, terwyl die Grondwet andersins verskillende gods-dienste en kulture erken. Deur die nuwe voorgestelde geskiedenis-kurrikulum onder pan-Afrikanisme tuis te bring is niks anders nie as 'n flagrante ignorering van die werklikhede van Suid-Afrika.

Die werklikhede van Suid-Afrika vereis dat 'n ander benadering vir geskiedenis-onderrig gevolg behoort te word as deur die Departement voorgestel. Daar is onderskeibare geloofsoortuigings en kulturele identiteite, elk met 'n eie geskiedenis. Daardie verskille kan nie geïgnoreer word, sonder dat 'n geskiedenis-kurrikulum ontwerp word waarin met die werklikhede van Suid-Afrika rekening gehou word nie. Indien die werklikhede van Suid-Afrika en die beoogde geskiedkundige doelwitte van die Departement nie met mekaar versoenbaar is nie, sal die doel van geskiedenis-onderrig op skool verydel word. Die SA-bevolking staan midde-in hierdie werklikhede en 'n geskiedenis wat nie hiermee rekening hou nie sal in die finale instansie misluk. Die werklikhede van Suid-Afrika spreek veel harder as histories verwyderde ideologie.


5. Aangesien in die bestudering van die geskiedenis nie uitsluitlik slegs daardie gebeure van die verlede (die afgehandelde verlede) geïnkorporeer kan word nie, sal die fokus van die kurrikulum noodwendig ook moet verander. Die fokus kan nie uitsluitlik gerig wees op dit wat tot die verlede behoort en afgehandel is nie. Daar moet ook 'n fokus wees op die kontemporêre geskiedenis en hoedat gebeure wat wel tot die verlede behoort, die vorming van meer onlangse en hedendaagse gebeure en tendense beïnvloed het. Daar moet eers 'n bewussyn gevestig word van waar ons vandag met die geskiedenis in Suid-Afrika staan en hoedat gebeure uit die verlede daartoe meegewerk het. Prakties beteken dit dat wat die afgelope dertig jaar plus in Suid-Afrika gebeur het, sedert die ANC met meerderheidsteun in 'n sg. demokrasie aan bewind gekom het, deeglik ondersoek sal moet word. Daar sal dan uiteraard gefokus moet word op wat gedurende die vorige eeu, maar ook die afgelope dertig jaar plus in Suid-Afrika onder die ANC-regime gebeur het. Sou daar enige hoogtepunte wees wat geskiedwaardig sou wees; of aan die ander kant laagtepunte in die toepassing van die ANC-beleid soos in die "nasionale demokratiese revolusie" uiteengestel en hoe dit Suid-Afrika gebring het tot waar ons tans is. Die geskiedenis is ongelukkig ook ongenaakbaar in sy beoordeling van gebeure sowel as individue/instellings, deurdat die gewete van 'n samelewing daardeur aangespreek word. Daar sal moet bepaal word hoedat die bewind van die ANC aan die kritiese voorwaarde, waarvan o.m. historiese normatiwiteit beantwoord het, soos dit vir die verantwoordbare ontplooiing van die geskiedenis gestel word. Met ander woorde: waaraan moet die agteruitgang van die Suid-Afrikaanse staat, die staatskaping en die verskynsel van toenemende korrupsie, misdaad en geweld toegeskryf word? Hierdie kritiese beoordeling word ook nie werklik in die voorgestelde kurrikulum aangespreek nie. En, terwyl daar alternatiewe geskiedbeskouings bestaan, wat op meer geldige beoordeling en grondslae berus, die vraag: waarom die gebrekkige Afrikanistiese model? Is die kinders van Suid-Afrika dan minderwaardig in die siening van die Departement?

6. 'n Aspek wat ten nouste saamhang met die bestudering van die geskiedenis is die beskikbaarheid van betroubare en gesaghebbende bronne. Hierdie is van kritieke belang, ter wille van 'n waarheidsgetroue historisiteit. Volgens die voorgestelde kurrikulum word daar plek ingeruim vir hoor sowel as lees. Dan vervolg dit deur ook te wys op "how the stories were constructed and how they have changed over time". Dit gaan ten diepste om 'n waarheidsgetroue beeld van die geskiedenis en die vraag hoe daaraan voldoen sal kan word. Binne die Afrika-konteks sal daar uiteraard sterk op mondelinge oorlewering gesteun moet word. Indien dit oor tyd heen telkens verander word, soos aangedui, wat sou in die finale instansie as

*Vervolg op bl. 14*

# Nuwe Onderwyspublikasie

'n Nuwe onderwyspublikasie wat elektronies bekom kan word, het onlangs verskyn. Dit is deur prof Thinus Dreeckmeier geskryf en getiteld: *Bible based Christ-Centred Quality Education*. Dit bied noodsaaklike agtergrondkennis vir sowel die ouer as die onderwyser, wat hulle vir Christelike opvoeding/ onderwys (wil) beywer. Ons bring dit graag onder die aandag van ouers en onderwysers, ter wille daarvan dat hulle hul met hierdie onontbeerlike kennis vertroud sal maak, met die oog op die pleidooi vir Christelike vakonderrig in skole. Hierdie werk word met groot vrymoedigheid aanbeveel.





# What is God's eternal plan for education?

*Educating for Eternity* is meant as a guide for Christian teachers and prospective Christian teachers towards the realisation that education is a powerful instrument in fulfilling God's divine plan for the ages. Acquiring a basic understanding of God's plan as revealed in Scripture will challenge them to discover, and hopefully to accept, their part in God's redemptive plan. In the first part of the book an outline of the contours of God's eternal plan is presented. God Himself has written the play and revealed it to us. By His grace we have the privilege to play a part in the production of God's play. Christian teachers should disclose this plan to the learners through their lives and teachings.

Christ-centred education begins in the heart of the teacher. It begins by teachers accepting God's invitation to play a role in His story instead of writing their own stories and inviting God to play a part in their stories. It entails discovering and experiencing the motives of God's eternal heart and then touching the hearts of the learners by sharing it from their hearts.

In the second part of the book a rather comprehensive exposition of the theory and practice of Christ-centred teaching and learning is given. Practical guidelines are given to the teacher of the strategies and methods that could be used to disclose the learning content in such a way that it is connected with God's divine plan and challenging learners to participate in God's redemptive plan. Teachers are directed how to change their classrooms into communities of love where practical discipleship of Christ is practised. In this way learners are equipped to become disciples of Christ fulfilling their general and uniquely individual role in God's eternal plan.




This book may be used as a textbook for the initial training of teachers or for in-service training of Christian teachers. Since Christian parents are accountable to God for the education of their children, the content of this book should also be of interest to them.

*Vervolg op bl. 14*

**Educating for Eternity**

*Thinus Dreeckmeier*

A5 263 p.

ISBN: 987-1-991212-68-9

Order:

Groep7 eShop: R220.00 (Courier costs excluded)

http://groep7-selfpublish-books.co.za/product/educating-for-eternity-thinus-dreeckmeier/

OR

https://groep7-selfpublish-books.co.za/

Direct sales: R180 (Pick-up)

Email: thinus.elsa@gmail.com Cell number: 0832268095

Address: Bateleur Bastion
969 Disselboom Avenue
Wapadrand
0050

E-Book: R 180

www.kobo.com

*Vervolg van bl. 11:* **Kommentaar op die nuwe voorgestelde geskiedenis-kurrikulum vir Suid-Afrika**

die waarheid aanvaar kon word? Dit gaan dus oor ŉ betroubare historiografie en die vraag of daar ten opsigte van die Afrika-weergawe wel hieraan beantwoord word, in ag genome die bronne. Na oordeel is dit tans nie die geval met die Afrika-kontinent nie. Die Departement self is ook nie in ŉ posisie om hom oor die betroubaarheid van sodanige bronne te kan uitspreek nie, vanweë ideologiese vooroordeel.

7. ŉ Laaste opmerking gaan oor die eenheidskarakter van die aanbieding van die geskiedenis. Daar ontbreek ŉ eenheidskarakter in die voorgestelde kurrikulum wat uiters verwarrend aan die leerlinge van Suid-Afrika sal oorkom. Daar word, byvoorbeeld, fragmente geneem uit die verloop van die Afrika-geskiedenis, maar sonder ŉ kontinue voorstelling van hoe die geskiedenis van Afrika oor die eeue heen ontplooi het. In die geheel gesien is die voorgestelde kurrikulum-samestelling fragmentaries en sal dit geensins daartoe bydra dat ŉ sinvolle geheelbeeld by die leerling tuisgebring word nie. Een van die kritiese vereistes vir die voorstelling van die geskiedenis is dat 'n kontinue historiese lyn gehandhaaf en ŉ eenheids-perspektief gevestig word. Die voorgestelde kurrikulum sal ongelukkig nie hiertoe bydra nie.

Die nuwe voorgestelde geskiedenis-kurrikulum word in die lig van die voorgaande argumente as hoegenaamd nie geskik vir Suid-Afika beskou nie en gevolglik verwerp.

**TLU SA-handves**

In vorige uitgawes was daar gedeeltes geplaas oor die TLU SA se Handves vir die Beskerming en Bevordering van die Christelike Lewensperspektief in Landbou. Dit word in hierdie uitgawe opgevolg met die implikasies wat dit vir die landbou inhou.

*Vervolg van bl. 8:* **Nederlandse verset en die 80-jarige Oorlog**

teen die Rooms-Katolisisme en Spaanse oorheersing gerig was op ‘n herstel van burgerlike regering. Die doel was om ’n ordelike konstitusionele bedeling daar te stel, ooreenkomstig die beginsels van die Reformatoriese staatsbeskouing, in teenstelling met die chaos en wanorde soos deur ’n revolusie teweeggebring. Die Nederlandse opstand was suksesvol deurgevoer, ten spyte van die langdurige oorlog wat daarmee gepaard gegaan het, en het die weg gebaan vir die aanbreek van wat as die “Goue Eeu” in sy volksbestaan bekendstaan. Die hervorming het ook op kerklik-godsdienstige gebied sy vrug voortgebring, gedagtig aan, bv., die opstel van onder meer die Nederlandse Geloofsbeydenis deur Guido de Brés in 1561. In hierdie opsig is die Nederlandse opstand ’n teksboekvoorbeeld (om dit so te stel) van Protestants-Christelike verset teen oorheersing.



# Implikasies vir landbou

## *Geneem uit: TLU SA se Handves vir Beskerming en Bevordering van die Christelike Lewensperspektief in Landbou (bl 7-14)*

**Artikel 21: God se gesag oor skepping en landbou is absoluut.**

Die reg op uitlewing en bevordering van die Christelike lewensoortuiging is 'n Bybelse beginsel. Die aarde behoort aan God Drie-enig en die volheid daarvan – selfs die vee op duisend heuwels, elke voël in die natuur en elke graanoes (kyk Psalm 5:10) en eweneens die seën op die landbouer se harde werk, dryfkrag en tegnologiese innovering; die hoogste gesag oor die skepping en die landbou berus by God en die mens beklee 'n regeerposisie in die skepping en om met verantwoordelikheid in sy/haar omgewing oor God se skepping te heers.

**Artikel 22: Die mens dra verantwoordelikheid vir die skepping.**

Die mens is met eer en heerlikheid gekroon, is alleen aan God onderworpe en aan Hom verantwoordelik; God ken aan die mens verantwoordelikhede toe en delegeer regte aan individue wat in medewerking met God, die skepping moet ontsluit, ontwikkel en bewaar; aan burgerlike owerhede delegeer God regte om die mens in sy natuurbeheersing en kultuurskepping by te staan en tot eer van God te regeer.

**Artikel 23: Menslike organisasies soos kerke, korporasies, klubs, welsynsorganisasies en opvoedkundige instellings, het beperkte gesag wat deur God aan hulle gegee word.**

Die staat erken wel regte soos godsdiensvryheid en vergaderingsvryheid, maar is nie die oorsprong daarvan nie. Dit behoort eerder hierdie regte te erken en te beskerm. Volgensdie Skriftuurlike wetsorde beskik geen organisasie oor absolute gesag nie, omdat God alleen volle beheer en eienaarskap oor sy hele skepping het.

**Artikel 24: Elke mens is deur God só geplaas dat hy of sy deel het aan die sentrale regeertaak in die skepping.**

Alle mense is geroepe om in die uitoefening van hul gesag oor die skepping, God se naam op aarde verheerlik, staan onder die opdrag om onder gesag van God die skepping te regeer en by heersing oor die skepping, aansien en eer te vind in die genade van God. God se Woord is rigtinggewend vir uitoefening van die afgeleide eienaarskap waaroor grondeienaars beskik; Bybelse beginsels bied die raamwerk vir verantwoordelike ondergeskikte eienaarskap en rentmeesterskap van landbouers en verheerliking van God geskied ook deur benutting van die eiendom waaroor grondeienaars beskik, welke reg nie deur die staat vergun word nie, maar 'n goddelike beginsel is.

**Artikel 25: Agter die mens se gehoorsame uitvoering van God se roeping staan God se voorsienigheid en sy alwyse beheer en leiding.**

Die Bybelse reg op eienaarskap kan nie eensydiglik herroep word deur staatsowerhede, burokratiese magshebbers of sosialistiese ideoloë sonder om die oordeel van God ophul te haal nie.

**Artikel 26: Mens en natuur is nie veronderstel om in spanning teenoor mekaar te staan nie.**

Die skeppingsharmonie wat deur God ingestel is, vereis dat die mens hierdie harmonie en komplekse skeppingsverskeidenheid verder ontwikkel volgens God se roeping enkultuuropdrag.

**Artikel 27: In alle roepingsvervulling moet die mens die natuur só bewaar en ontwikkel dat sy optrede op aarde versierend, balanserend en in harmonie met die natuurlike omgewing plaasvind.**

Alles wat die mens vanuit sy beheersingsposisie aanraak, dra die stempel van kultuurvorming hetsy tot eer of tot oneer van God.

**Artikel 28:Die seën op effektiwiteit, harde werk, dryfkrag en tegnologiese innovering kom van God.**

Die mens is na die beeld van God geskape en ontvang die opdrag om die aarde te bewoon, te bewerk en sodoende oor eiendom te beskik, altyd onderhewig aan God sehoogste gesag oor die hele skepping. Hierdie menslike beheer is ’n verantwoordbare vorm van gesag waarvoor elke individu geoordeel sal word volgens hoe hulle hierdie beheersingsmandaat in God se skepping uitvoer.

**Artikel 29: Staatlike magswellus poog om absolute gesag oor elke aspek van menslike bestaan te verkry, deur alle eiendom te nasionaliseer en deur onteiening sonder vergoeding, tasbare én ontasbare bates van mense te ontneem.**

Geen menslike instelling kan God se soewereine gesag vervang nie. Die mens se voortdurende reg en plig om deur landbou tot eer van God te werk, erken God se absolute gesag as die oorsprong van alle gesag. Alle menslike beheer is dus slegs afgeleide en sekondêre soewereiniteit, ondergeskik aan God se fundamentele en omvattende beheer oor sy hele skepping.

**Artikel 30: Staatlike burokratisering druis in teen die erkenning van God se soewereiniteit oor die ganse skepping.**

Koloniserende burokrasie, soos gesien in Derde Wêreldlande in Afrika, aanvaar verkeerdelik dat politieke burokrate genoeg kennis en insig besit om die menslike bestaan en die hele skepping volgens stoflike behoeftes te beheer en bestuur. Hierdie benadering bots egter met die Christelike beginsels van gedesentraliseerde gesagsordes, persoonlike verantwoordelikheid en God se vereistes vir publieke geregtigheid.

**Artikel 31: Selfs die vrye mark, wat deur persoonlike eiebelang tussen mededingers gedryf word, vereis steeds Bybelse morele beginsels om behoorlik te kan funksioneer.**

Sonder Bybelse morele norme is die vrye markstelsel nie volhoubaar nie, aangesien dit Christelike beginsels vereis om behoorlik te funksioneer. Hierdie norme word beliggaam in ’n ekonomiese stelsel wat ’n stabiele regsraamwerk handhaaf, kontraktuele lojaliteit bevorder, eerbaarheid nastreef, regverdige optrede verseker, professionele integriteit aanmoedig, en ’n kultuur van trots ontwikkel wat bedrog, korrupsie en magsmisbruik verwerp. Sulke waardes bied aan ekonomiese deelnemers sin, doel en begrip vir die ekonomiese proses.

**Artikel 32: Die vrye markekonomie is een van die grondpilare van die sosiale orde en berus op gemeenskaplike etiese waardes.**

Sonder die Bybelse etiese kode waarop vrye markprosesse rus, kan die vryemarkstelsel nie voortbestaan nie, gaan ekonomiese vooruitgang verlore, en verswak geloof en vertroue in die legitimiteit van die vrye mark. Dit is omdat hierdie markprosesse histories deur eeue-oue Christelike beginsels en waardes ondersteun en geregverdig word.

**Artikel 33: Die sukses van die ekonomiese stelsel word bepaal deur arbeidsverdeling en die wedersydse afhanklikheid van alle mense binne die ekonomie van elke individu se produktiwiteit.**

Die sosio-politieke integrasie van alle werkers in die ekonomiese stelsel bepaal hoe suksesvol ekonomiese integrasie plaasvind. Dit skep geborgenheid in ’n omgewing van wedersydse vertroue, sekuriteit en vooruitgang binne die vrye mark, prosesse wat berus op duidelike en ononderhandelbare morele norme en sakebeginsels.

**Artikel 34: Politieke sentralisering vernietig vrye markekonomie.**

Die idee van die welsynstaat het in Derde Wêreldlande geleidelik die Bybelse konsep van die beperkte regstaat vervang. Die oorspronklike regeringsbeginsel van ’n verantwoordelike regering onder God se gesag is in sosialistiese lande deur die konsep van ’n messiaanse Staat verdring—’n sentralistiese staatsorde wat voortdurende konflik in die kern en apatie aan die buitewyke van die staatsbestel veroorsaak.

**Artikel 35: Die Bybelse staatsmodel.**

Die Bybels begronde sosiale orde verwerp die sosialistiese welsynstaat, aangesien eersgenoemde bestaan uit verskeie institusionele strukture wat elk ’n eie legitieme, beperkte en afgeleide gesag onder God se normatiewe voorskrifte het. Elke instelling beskik oor ’n opwaarts-gerigte verantwoordelikheids-hiërargie, terwyl geen enkele instelling oor absolute of finale gesag beskik nie.

**Artikel 36: Die Christelike lewensperspektief ondersteun ’n siening van sosiale orde wat ekonomiese ontwikkeling in die Westerse wêreld bevorder en moontlik maak.**

Die regsekerheid wat deur Christelike staatsordes bevorder is, was een van die belangrikste beskermings teen staatsmag-ingryping in mense se privaatlewe, kommunistiese geweldpleging en onteiening van eiendom, en staatsinmenging in gesins- en opvoedkundige aangeleenthede.

**Artikel 37: Christelike landbou-ekonomie maak ’n duidelike onderskeid tussen die dinamika van ’n vryemarkekonomie en dié van politieke kapitalisme.**

Politieke kapitalisme bevorder die staat se politieke doelwitte deur oorloë, grootskaalse uitbuiting en kolonisasie, terwyl markkapitalisme as ’n middelklasgedrewe ekonomiese dryfkrag funksioneer. Dit berus op rasionele besluitneming, etiese waardes, roepingsbewustheid, persoonlike verantwoordelikheid en produksie vir globale markte. In markkapitalisme neem arbitrêre burokratiese besluite af, wat produksiekoste verlaag omdat minder ekonomiese hulpbronne vir gunste en regskoste opsy gesit hoef te word.

**Artikel 38: Die Christelike regstaat is gebaseer op fundamentele Bybelse waardes.**

Christelike regstaatlikheid word gekenmerk deur eerbiediging van kontraktuele ondernemings, respek vir privaat eiendomsreg, die nie-diskriminerende aard van die belastingstelsel en die bevordering van openbare vrede en voorkoming van bedrog en politieke dwang.

**Artikel 39: Geen ekonomiese terrein funksioneer eties en moreel neutraal nie.**

Elke ekonomiese stelsel word deur fundamentele waardes, oortuigings en idees gerig, wat uiteindelik sy sukses of mislukking bepaal. Sosialistiese ekonomieë in Derde Wêreldlande wat faal, ervaar hongersnood, produksiedaling en beskawingsverval, wat weer lei tot samelewingskonflik en ’n toenemende magsgerigte politieke kultuur.

**Artikel 40: Die enigste uitweg uit die mislukte staatsindroom, om volhoubaar voedsel en vesel te produseer en groeiende bevolkings te voed, lê in die Christelike rekonstruksie van die ekonomiese en landbouterreine.**

Die mislukte Marxistiese humanisme in elke lewensfeer en terrein van menslike bestaan moet vervang word deur rentmeesterskap eerder as staatsdwang, en ’n Christelike lewensbeskouing moet geïntegreer word met alle fasette van landbou- en boerdery-aktiwiteite.

**Artikel 41: Christelike norme moet alle boerdery-aktiwiteite tegelykertyd kultureel én ekonomies rig en bepaal.**

Landbouers se lewens en hul boerdery-aktiwiteite is uit God, deur God en tot eer van God. Daarom moet alle plaasbeplanning, beleid en praktyk ooreenstem met die wette van God se skeppingsorde soos dit op landbouers van toepassing is.

**Artikel 42: Christelike lewenspraktyk in landbou behels veel meer as net nederigheid, dankbaarheid en erkenning dat die Here die landbouer soms seën of deur teëspoed en rampe beproef.**

God se gesag in die landbou geld vir alles wat die boer dink en doen - van Maandag se eerste opstaan tot Saterdag se rus, én tydens Sondag se aanbidding - omdat die boer ook sy of haar roeping vervul op ’n terrein wat die grootste gedeelte van die aardebeslaan.

**Artikel 43: Landbouers se gesagsgebied om die aarde te onderwerp en te beheer, dui op ’n besondere voorreg én verantwoordelikheid, omdat ’n groot gedeelte van God se skepping aan hulle sorg toevertrou is.**

Landbouers is onmisbare primêre produsente van die land se voedselvoorraad, en hoewel mynbou en fabriekswese belangrike ekonomiese verskaffers en verwerkers is, voorsien hulle nie direk voedsel aan die miljoene mense in die samelewing nie.

**Artikel 44: Landbou is ’n beroep wat reeds in die Paradys ontstaan het en nã die sondeval onder God se opdrag staan om die aarde te onderwerp en daaroor te heers; dit is verder deur Jesus Christus se versoeningswerk geheilig.**

Landbouers werk ook tot eer van die Here deur gewyde Christelike roepingswerk te doen; hulle boer Of gehoorsaam volgens Christelike norme tot eer van God, Of ongehoorsaam tot Sy oneer.

**Artikel 45: Landbou is ’n beroep wat in die loop van ons land se geskiedenis ’n wye kultuurbetekenis gekry het.**

Landbouers is kultuurdraers op die grond wat aan hulle toevertrou is.

**Artikel 46: Boerdery is nie ’n neutrale aktiwiteit waarin ons net probeer oorleef of kop bo water hou nie.**

Landbouers verrig Christelike roepingswerk in diens van die Here, en hul bedrywighede op die plaas is heilige kultuurwerk binne God se breër koninkryk. Produktiewe landbou en boerdery staan dus in diens van die Koninkryk, en daarom is boere geroepe om skole, kerke en verenigings finansieel en op ander wyses te ondersteun.

**Artikel 47: Boerdery, as ’n omvattende lewensverband, is diep ingebed in en verweef met elke faset van die mens se lewe en bestaan.**

Vir hierdie omvattende beroepswerk is kennis en insig nodig om die pragtige beroep van boerdery volgens Christelike norme en tot eer van God te beoefen. Hoewel die landbouer by alle fasette van die lewe betrokke is, en boerdery tipies ’n ekonomieseonderneming is wat wins nastreef, mag dit nooit tot blote materialistiese geldmakeryverval nie.

**Artikel 48: Landbou in 'n onvolmaakte wêreld.**

In oorgawe aanvaar die Christelike landbouer met ekonomiese vertroue dat alle ekonomiese faktore en natuurgebeure konstant sal bly en dat hy met vertroue elke nuwe seisoen kan aandurf op grond van God se skeppingsorde en God se voorsienigheid en dat elke droogte sal verander in die jubeling van Psalm 65.

**Artikel 49: Deur God se genade kan die landbouer die destabiliserende faktore in die landbou-ekonomiese terrein trotseer en hoef hy nie onder 'n depressiewe ingesteldheid te leef nie.**

Die Christelike landbouer vermy oormoedige selfvertroue en blinde, waaghalsige ondernemings in sy boerdery. Hy kweek eerder 'n geloofsvertroue wat sy lewe en hele onderneming onder God se voorsienigheid plaas. Hierdie geloof maak hom geestelik weerbaar teen teenspoed en rampe, en vorm ook die ekonomiese vertrouensbasis vir sy boerderyvisie - alles omraam en ontsluit deur sy Christelike geloofsverbintenis.

**Artikel 50: Christelike landboupraktyk geskied met sedelike trou en integriteit.**

Morele liefde is 'n bindende geestelike sement omdat liefde vir die natuur, fauna en flora wesentlike elemente van die landbou vorm. Die Christelike landbouer se sedelike liefdestrou behels om getrou en eerlik volgens Christelike boerderybeginsels te boer, in lyn met natuurwette en volgens die kulturele norme wat deur die Skepper bepaal is.

Landbou-integriteit vereis verantwoordelike optrede—dit is sonde teenoor God om landbougrond te laat wegspoel, te oorbewei of deur onkruid te laat oorneem, net soos dit sonde is om jou buurman kwaadwillig skade te berokken. Ware Christenskap beteken om verantwoordelik voor God te ploeg, te plant, vee te teel en proaktiewe stappe teen gronderosie en grond-uitputting te tref.

**Doel van die VCHO**

Die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap.

**Missie van die VCHO**

Om, deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk.

**Grondslag van die VCHO**

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in Roeping en Riglyne nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath en Prof D.F.M. Strauss.

HOOFBESTUUR:
Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Prof J.A.E. Adendorff (Pretoria), Prof E.J. van Niekerk (Pretoria), Prof I.H. Horn (Pretoria), Prof H.G. Stoker (Potchefstroom), dr JA Schlebusch (Lichtenburg) mnr F van Deventer (Pretoria) en mnr P Bisschoff (Orania).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes

**Die Uitvoerende Beampte**
**Posbus 1824**
**Van Schalkwykstraat 21, Universitas**
**Bloemfontein, 9300/9301**

**Tel. (051) 525 2267 of (051) 525 2341**
**Faks (051) 522 4513**
**E-pos: hugo@vcho.co.za**
**Tuisblad: http://www.vcho.co.za**